

17 NOVEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 124:1-8 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: PSALM 124:8

As die Here ons nie gehelp het nie ...

Hierdie psalm is 'n danklied van Dawid nadat God hom en sy mense van 'n groot gevaar gered het. As God nie ingegryp het nie, sou hy en sy mense sekerlik vernietig gewees het. Later, na die ballingskap, is hierdie lied deur pelgrims gesing terwyl hulle na Jerusalem op reis was om daar aan die godsdienstige feeste deel te neem. Die groot gedagte van al hierdie feeste was: As God hulle nie verlos het nie, was daar vir hulle geen verlossing moontlik nie. Om hierdie belydenis duidelik te maak, beweeg die digter tussen twee uiterstes.

Hy stel eers die negatiewe kant (vs.2): "As die Here ons nie gehelp het nie...". Dan beskryf hy die ellendige gevolge (v. 3-5) as die Here hulle nie sou gehelp het nie. Wanneer ek bang en benoud voor die onmoontlike in my eie lewe staan, wil hierdie psalm my laat terugkyk oor my eie lewe. Dankbaar moet ek weer kan raaksien: As die Here my nie gehelp het nie, wat sou dan nie alles van my geword het nie?

Tweedens doen hy 'n positiewe belydenis (vs. 8): "Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het." Die sekerheid dat God ons ook op ons pad vorentoe sal help, staan vas in die verlossing (vs. 6-7) wat Hy vir ons bewerk het. Deur sy Seun het God ons van die vernietigende gevolge van die sonde verlos. Juis daarom het ons as God se kinders ook die versekering dat Hy ons altyd sal beskerm teen magte en kragte wat ons in hierdie lewe wil vernietig.

Sing: Psalm 118:7 (Totius)

Ds Hendrik Stoltz (Odendaalsrus)